’n Lou kerk is ’n bespotting van Christus

Teks: Openbaring 3: 14 - 22 & Sondag 21
Teksvers: Openbaring 3 : 15 & 16

1. Inleiding

In ons eerste diens het ons die gevoel wat die teenwoordigheid van die plaaslike gemeente in ons midde tot gevolg het ondersoek. En ons het gesien dat daar nie ’n middeweg bestaan nie. Dit is of ’n seën of ’n straf. Ondanks hierdie feit sien ons dikwels ’n louheid, ’n mens wil amper sê ’n vergenoegdheid met kerk as ’n middelmatige saak in ons lewens.

Ons glo soos ons bely in Sondag 21, dat Christus ons deel maak van die kerk deur die prys van Sy kosbare bloed. Maar beteken dit ’n outomatiese kerk belewing iewers in die middelmatige agtergrond van my lewe. Leef hierdie siening die antwoord op vraag 55 uit? Met ander woorde die aanweding van my gawes tot nut en saligheid van die ander lede? Wat is die boodskap aan die gemeente in Laodisea uit ons teksgedeeelte vanoggend?

Die enigste water het van ver na die stad Laodicea gekom. Dit het van Hierapolis afgekom wat 'n warmwaterbron was. Maar teen die tyd wat die water in Laodisea, ongeveer 10 km verder, aangekom het was dit lou. Verder het dit ook al die kalk wat dit langs die pad was opgeneem in die proses. Dit het veroorsaak dat indien ’n mense dit sou probeer drink het, dit net uitgespoeg sou word. Maar hoe pas hierdie beeld op ons as lidmate van die Gereformeerde Kerk Phalaborwa vandag.

2. Ware goud

Die eerste aanbeveling vir Laodisea in ons teksgedeelte kom in vers 18 voor. Ek raai jou aan om by My goud te koop wat deur die vuur gelouter is. Duidelik is die My met ’n hoofletter geskryf, omdat dit die Here is wat hier aan die woord is. Maar as Laodisea dan reken hulle is skatryk, dan het hulle seker nie nog goud nodig nie of hoe? Vers 18 verduidelik dit ook aan ons. Die goud wat Ladisea het maak hulle nie ryk nie. Dit is onsuiwer en dus nie baie werd nie. Dit is soos die lou water wat uitgespoeg word en eintlik ’n baie lae waarde het. Maar daar is ’n antwoord. Daar is goud, suiwer goud beskikbaar.

Om hierdie beeld te verstaan kan ons luister na die bekende woorde van Psalm 119:127 : "[127]Ek het u gebooie liewer as goud, as fyn goud.” Sien vir die Laodisense het dit ook om aardse wereldse goud gegaan. Hulle het gereken hulle is skat ryk. Maar in die geestelik wêreld het hierdie goud maar eintlik weinig waarde. Die Psalmdigter openbaar dit ook so aan ons. Wanneer hy die waarde van die gebooie van die Here baie hoër ag. Die Woord maak die verskil in die geestelike wêreld. En ons geloof kan op die einde net op ’n kennis en vertroue van God se Woord gebou word.

Daarom is hier waar die teksgedeelte in ons elkeen in sny. Die vraag is of my geloof lou is in hierdie aspek? En dit is op die einde ’n vraag wat nie sommer net mondelings in mooi woordjies geantwoord kan word nie. Wat sê my optrede, my prioriteite en hulpbron spandering elke dag. Is my Bybel ’n kosbaarder besitting as al die fyn goud van die wêreld, of lê dit iewers op ’n stowwerige boekrak.

Is die Here Jesus Christus, maar net vir my ’n interresante persoon waaroor ek kan saampraat as ek vra word. Maar verder moet Hy, met respek gesê maar eenkant toe staan vir ander sake in my lewe?

3. Wit Klere

Die volgende aspek van hierdie lou geloofslewe van die Laodisense word aangespreek in terme van kleredrag. En ons ken dit steeds vandag by mense wat hulleself as materieel ryk sien. Hulle dra duur deftige klere. En sulke klere laat ’n mens gewoonlik goed voel. Daardie gevoel van: Kyk na my luukse klere, ek het meer as wat ek nodig het, ek is skatryk.

Maar wat beteken luukse wit klere dan in die geloofswêreld? Veral in die boek openbaring word na wit klere verwys as iets wat aan die regeverdiges in die hemel gegee word. Maar in Openbaring 18:9 lees ons dat die fyn linne waarmee die bruid beklee is tydens die bruilof met die lam, die regverdige dade van die gelowiges is.

Met ander woorde wanneer ons van die skande van ’n naakte geloof soos by laodicea praat. Dan praat ons van ’n geloofslewe

waarin daar geen regverdige dade te bespeur is nie. Dit is ’n nominale geloof wat die pragtigste dinge sê maar nie doen nie. In hierdie louheid, is goeie dade net so afwesig soos materiaalvesels aan die liggaam van ’n naakte persoon. En so dikwels besef ons gelowiges nie die geweldige skande hierin nie.

Hierin kom die vraag natuurlik ook aan my en jou vandag. Is my geloof warm genoeg om ook iets te laat gebeur vandag. Is my geloof soos die stoom wat die lokomotief of stoom enjin aandryf. Of probeer ek dit alles met lou water aan die gang hou. ’n Stoomenjin werk nie wanneer die water lou is nie. Getuig my goeie dade van ’n lou geloofsenergie in my lewe vandag?

Tog is die uitnodiging vandag nog daar vir ons as gelowiges. Kom raak betrokke by die kerk en vind uit waar goeie dade gedoen word. Of kom roep jou broers en susters in die geloof bymekaar en pak ’n projek van goeie dade aan. Kom ons werk aan daardie fyn linne van die trourok.

4. Oë wat kan sien.

Miskien is hierdie laaste saak die hartseerte van al die aspekte in vers 18. Die blinde manne wat sonder rigting rondtas maar steeds uitroep: “ek is skatryk, ek het niks meer nodig nie. ’n Mens wat werklik kan sien weet dit is tog maar net ’n kwessie van tyd voordat hierdie blinde persoon sonder hulp homself sal verongeluk. Hierdie vorm van louheid kan net kouer word nie warmer nie, tensy iemand ingryp.

Tog was hierdie pad na die afgrond van die dood, eens ’n pad waarop ons almal blindelings voort gestrompel het. Maar tog was daar iemand wat genadig salf aan ons oë kom smeer het. Ons Here Jesus Christus het Sy sondelose liggaam kom offer as losprys aan die kruis vir ons. Daarom kan ons weer sien, kan ons weer lewe. Ons het die voorreg om as wedergebore Christus ’n warm gelooflewe te kan ervaar. Warm liefde waarmee die Vader ons lief het, waarmee Hy ons uitred en daagliks steeds versorg met als wat ons nodig het.

Juis daarom kan ons nou soos mense loop wat sien. Ons kan sien waar die bose lê en wag. Waar die afgronde is. En hoe meer ons groei in ons geestelike lewe, hoe meer rigting kry ons alledaagse lewe ook. Omdat ons duidelik kan sien waarheen ons behoort te beweeg en watter besluite om moet maak. Maar die belangrikste is seker dat ons die deur kan sien. Die deur waarby die Verlosser klop om in te kom. En dat ons die voorreg het om gereeld saam met Hom aan te sit. Om stil te raak en Sy teenwoordigheid te ervaar. Om werklik gevoed te word met die brood van die lewe.

5. Slot

Ons kan afsluit deur saam te vat wat die mense van die kerk in Laodisea se louheid openbaar het. Hulle het nie yskoud die kerk verwerp en vervolg nie. Maar die kerk was maar net vir hulle ’n randsaak, waar die hitte van die lewe eers uitgekom het nadat dit baie afgekoel het. En so ’n louheid teenoor die kerk en die geloofslewe van ’n mens openbaar ’n baie dieper kommerwekkende probleem.

Om dit reg te verstaan moet ons weer na ons belydenis uit Sondag 21 kyk. Kerk is nie een of ander sosial klub wat deur mense tot stand gebring word nie. Dit is nie ’n politieke instelling of beweging waar nuwe leiers kort kort demokraties verkies word nie. Die is ook nie ’n sport of stokperdjie klub waar leiers verkies word op grond van prestasies nie.

Nee, inteendeel die kerk is die mense, sondaars soos alle mense op aarde. Maar mense wat deur die Vader so lief gekry word dat Hy Sy ennigebore Seun stuur as volmaakte offer. Die kerk is die uitverkiesdes van die Here, wat sonder enige verdienste genade ontvang. Maar dan is dit ook belangrik om te sien dat Christus vir altyd en ewig die enigste ware hoof van die kerk bly.

Daarom die ontstellende samevatting, wanneer ’n louheid openbaar teenoor die kerk, openbaar ek terselfdertyd ook daardie louheid teenoor ons Here Jesus Christus. Wanneer ek so maklik nee sê met ’n swak of selfs geen verskoning vir die kerk, moet ek onthou dat die kerk onlosmakend verbind is aan Christus. En daarom is die hartseer waarheid dat ’n lou kerk ’n bespotting van Christus is.

Maar daar is genade ook vir ons nog vandag. Daar is goud, wit klere en oogsalf te koop by die ware Verlosser steeds vandag. Kom ons gaan maak skatte in die hemel bymekaar in plaas van hier op aarde.

Amen